

## Universiteit Stellenbosch Taalbeleid 2026-hersiening, konsepweergawe 1

<b>Verwysingsnommer van hierdie dokument</b>	
<b>HEMIS-klassifikasie</b>	
<b>Doel</b>	Om 'n meertalige ingesteldheid te bevorder en om taalgebruik in alle domeine van die Universiteit Stellenbosch te reël, te bestuur en oorsigbestuur daarvoor uit te oefen
<b>Soort dokument</b>	Beleid
<b>Toeganklikheid</b>	Algemeen (ekstern en intern)
<b>Datum van inwerkingtreding</b>	1 Januarie 2027 of so gou moontlik daarna
<b>Datum/siklus vir hersiening</b>	Die Beleid moet in die sesde jaar na inwerkingtreding hersien word. Dit kan vroeër hersien word, of meer as een keer gedurende genoemde sesjaarsiklus, sou omstandighede dit verg of die eienaar van die Beleid dit nodig ag.
<b>Goedkeuringsdatum van vorige Beleid</b>	2 Desember 2021
<b>Eienaar van die Beleid</b>	Viserektor: Akademies
<b>Institusionele funksionaris verantwoordelik vir die Beleid (kurator)</b>	Senior Direkteur: Afdeling Leer- en Onderrigverryking
<b>Datum goedgekeur</b>	
<b>Goedgekeur deur</b>	Universiteit Stellenbosch Raad, met instemming van die Senaat
<b>Sleutelwoorde</b>	institusionele kommunikasie; tolking; taal; taalbeplanning; leer- en onderrigtale; meertaligheid (Eng. <i>multilingualism</i> ); pluritaligheid (Eng. <i>plurilingualism</i> ); beleid; onderrig, leer en assessering; tegnologie en taal; transtaligheid; vertaling
<b>Gesaghebbendheid</b>	Die Engelse teks van die Beleid is die gesaghebbende weergawe. Die Afrikaanse en Xhosa-weergawes is daaruit vertaal.

## Inhoudsopgawe

1. Die meertalige konteks.....	3
Afrikaans.....	5
Engels.....	5
IsiXhosa.....	5
2. Toepaslikheid van die Beleid.....	5
3. Doel van die Beleid.....	6
4. Oogmerke van die Beleid.....	6
5. Beleidsbeginsels.....	7
6. Beleidsbepalings.....	8
6.1 Leer en onderrig.....	8
6.2 Interne kommunikasie.....	12
6.3 Eksterne kommunikasie.....	13
6.4 Taalbeplanning.....	13
6.5 Bevordering van meertaligheid.....	15
6.6 Ondersteuning deur die Taalsentrum.....	16
6.7 Tegnologieverrykte taalondersteuning.....	17
7. Terugvoer, monitering en geskilbeslegting.....	17
8. Beleidsvoorsigbestuur.....	19
9. Hersiening en aanpassing.....	20
11. Openbaarmaking.....	20
12. Verbandhoudende en stawende dokumente.....	20
Bylae A: Termlys en afkortings.....	22

## 1. Inleiding

Die Universiteit Stellenbosch (US) is daartoe verbind om in 'n diverse samelewing met kennis om te gaan. Die oogmerk van die Taalbeleid is om aan artikel 29(1)(b) en 29(2) van die Suid-Afrikaanse Grondwet uitvoering te gee wat taalgebruik in die akademiese, administratiewe, professionele en sosiale kontekste van die Universiteit betref. In hierdie grondwetlike raamwerk word taal verstaan as sentrale instaatsteller vir deelname, epistemiese toegang en akademiese sukses.

Die Beleid verskaf 'n raamwerk vir die gelyke en inklusiewe gebruik van die drie institusionele tale aan die US. Dit sluit by die nasionale beleidsraamwerk oor taal aan openbare hoëronderwysinstellings ([Language Policy Framework for Public Higher Education Institutions, 2020](#)) aan om te verseker dat die US voldoen aan regeringsverwagtings rakende meertalige onderrig, leer, assessering, navorsing, omgang en administrasie.

Die Beleid ondersteun ook [die Universiteit se Visie 2040](#) en posisioneer sodoende die US as instelling wat internasionaal erken word en wat sosiaal responsief en inklusief is. Die Beleid erken die waarde van taal en meertaligheid in akademiese vakkundigheid, kommunikasie en institusionele lewe. Dit sluit nie net formele akademiese en administratiewe domeine in nie, maar ook ko- en ekstrakurrikulêre, koshuis- en breër kampusleefruimtes, waar taalpraktyke insluiting, tuishoort en die studente-ervaring help vorm aanneem. Taal word dus nie as suiwer linguistiese verskynsel geposisioneer nie, maar as 'n praktyk wat ten diepste met identiteit verweef is. Dit weerspieël mense se waardes, hulle persepsie van norme en magdinamiek, hulle gevoel van behoort tot 'n groep en hoe hulle oor die wêreld dink.

In die bevordering van meertaligheid, beide as hulpbron en as strategiese prioriteit, erken die Beleid dat institusionele steun vir taalgebruik konteksafhanklik is. Steun kan vertaal- en tolkdienste insluit, asook die ontwikkeling van meertalige materiaal en belegging in taalverwante kapasiteit en tegnologieë. Sulke steun is afhanklik van beskikbare hulpbronne, byvoorbeeld taalimplementeringsfondse, en word algaande ontwikkel om responsief tot institusionele behoeftes en prioriteite te wees.

Met hierdie benadering wil die Beleid toegang verbreed, deelname verdiep en betekenisvolle omgang in alle Universiteitswerkzaamhede ondersteun.

## 2. Die meertalige konteks

As navorsingsintensiewe instelling met nasionale en internasionale reikwydte lok die US studente en personeel uit diverse linguistiese agtergronde. Ons besef die waarde van die intellektuele rykheid wat inherent aan alle Suid-Afrikaanse en buitelandse tale is, en het waardering daarvoor. Ons erken hulle almal as hulpbronne vir kennisproduksie, onderrig, leer, assessering, navorsing en betrokkenheid – op institusionele sowel as individuele vlak.

## **2.1. Institusionele en individuele meertaligheid**

Die Taalbeleid konsentreer op meer as institusionele meertaligheid (d.w.s. die vestiging van meertalige institusionele ruimtes waar 'n diverse groep mense saambestaan): Die US streef ook na individuele meertaligheid en moedig individue aktief aan om meer as een taal te gebruik.

Ons erken individuele meertaligheid as 'n akademiese en sosiale bate. In die meertalige Suid-Afrikaanse konteks beskik studente en personeel alreeds oor pluritalige repertoires – die vermoë om verskeie tale en dialekte aanvullend tot mekaar te gebruik – wat aangewend en uitgebrei kan word om kommunikasie, leer en begrip in allerhande kontekste te ondersteun.

Geleenthede vir individuele meertaligheid stel individue in staat om hulle linguistiese repertoire uit te bou met tale of taalvariëteite in verskillende vorme en op verskillende vlakke van bemeestering. Namate individue se ervaring van taal in kulturele konteks uitbrei, begin die skerp afbakening tussen verskillende tale en kulture vervaag. In die plek daarvan ontwikkel hulle 'n kommunikatiewe pluritalige vaardigheid waartoe alle kennis en ervaring van taal bydra en waarin tale met mekaar verband hou en op mekaar inwerk.

Transtaligheid in die klaskamer en daarbuite is een so 'n pluritalige praktyk. Dit is belangrik dat studente ruimte gegun word om meganismes soos transtaligheid te benut om informeel in die klaskamer en daarbuite te kommunikeer. Gelyklopend daarmee is egter die behoefte dat studente taal/tale ook formeel kan bestudeer en die akademiese en tegniese registers van daardie tale kan gebruik. Daarom beklemtoon die Beleid die verwerping en gebruik van formele akademiese taal, wat tegniese en vakspesifieke woordeskat insluit. Dan is meertalige vaardighede nie bloot simbolies nie, maar bied dit betekenisvolle omgang met kennis en professionele geleenthede. Die Beleid beskryf in 7.1 hoe hierdie beginsels in leer en onderrig toegepas word.

## **2.2. Meertaligheid as ingesteldheid en praktyk**

Meertaligheid behels meer as 'n individu se bereidheid om meer as een taal aan te leer en te gebruik; die Taalbeleid is verder daarop ingestel om inklusiwiteit en waardering vir die waarde van diversiteit te bevorder. Daarom is meertaligheid ook 'n *ingesteldheid* wat 'n transformerende studente-ervaring fasiliteer en uiteindelik meer afgeronde gegradueerdes oplewer. Meertaligheid rus studente toe om 'n breër en meer diverse kennisbasis te ontgin; om met die samelewing om te gaan op 'n manier wat spreek tot die hart, nie net die verstand nie; om dinamiese beroepslui en digitale kennisdraers te wees wat beter daartoe in staat is om probleemoplossings-, luister- en interpersoonlike vaardighede aan die dag te lê; en om te groei tot afgeronde individue wat ingeligte besluite kan neem met inagneming van meer as net hulle eie denke. Hierdie bewustheid kry byvoorbeeld gestalte wanneer daar voor die aanvang van institusionele byeenkomste nagegaan word wat die groep se taalvereistes is en transtaligheid beoefen word. Dit kry ook gestalte wanneer individue bereid is om 'n verskeidenheid tale aan te leer en te gebruik.

In hierdie breër verbintenis tot meertaligheid fokus die US institusionele praktyke op Afrikaans, Engels en Xhosa (in alfabetiese volgorde) – die vernaamste tale in die Wes-Kaap, wat wyd onder die Universiteitsgemeenskap verteenwoordig word. Hoewel ons die waarde van alle tale erken, gee ons voorrang aan hierdie drie vir strategiese gebruik in akademiese, administratiewe, professionele en sosiale kontekste. Die Universiteit bevorder wel geleenthede vir die insluiting van ander landstale, soos Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT), waar dit redelikerwys uitvoerbaar is.

### **Kontekstuele oorwegings vir die keuse van vernaamste tale, beskryf in alfabetiese volgorde:**

- 2.2.1 **Afrikaans** is een van die tale wat die wydste in Suid-Afrika verstaan word en die huistaal wat die meeste in die Wes-Kaap gepraat word. Daar bestaan 'n volledig gestandaardiseerde formele variëteit asook talle gesproke variëteite. Daarby is Afrikaans 'n geïntellektualiseerde taal met 'n omvattende en dinamiese akademiese repertoire wat deels deur die US se historiese en voortgesette bydrae gevorm is. Die taal is 'n waardevolle hulpbron wat wyd gebruik word, op alle vlakke van die sosiale, kultuur-, opvoedkundige en openbare lewe in Suid-Afrika.
- 2.2.2 **Engels** word wyd gebruik, in Suid-Afrika sowel as die buiteland, veral in hoër onderwys. Dit dien dikwels in sosiale, akademiese en professionele situasies as gemeenskaplike kommunikasietaal oor verskeie taalgroepe heen.
- 2.2.3 **Xhosa** is een van die tale wat die wydste in Suid-Afrika en die Wes-Kaap gepraat word. In dié provinsie is dit die huistaal wat die tweede meeste (na Afrikaans) gepraat word. Dit word wyd gebruik in alledaagse kommunikasie, veral in stedelike en buitestedelike kontekste, sowel as in die sosiale, kultuur-, opvoedkundige en openbare lewe. As volledig ontwikkelde intellektuele taal met 'n gevestigde en uitbreidende akademiese repertoire kan Xhosa komplekse begrippe uitdruk en daarmee omgaan oor 'n wye reeks akademiese, professionele en vakkundige diskoerse heen.
- 2.2.4 **Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT)** word as belangrike kommunikasiemiddel erken en is sedert 2023 'n amptelike landstaal. Hoewel SAGT nog nie ten volle by alle Universiteitswerkzaamhede geïntegreer is nie, getuig die insluiting daarvan by die Beleid van die US se verbintenis tot toegang, insluiting en die geleidelike ontwikkeling van institusionele steun aan Dowe en hardhorende studente en personeel.

## **3. Toepaslikheid van die Beleid**

Die Beleid is op alle US-studente en -personeel van toepassing. Dit beheers taalgebruik in alle fakulteite, professionele en administratiewe steundiensafdelings, studenteorganisasies en koshuise, en oorsigbestuurs- en bestuurstrukture. Sodoende verseker dit konsekwentheid, inklusiwiteit en toeganklikheid instellingwyd.

Hoewel die Beleid nie op die Universiteit se omgang met eksterne gemeenskappe en vennote van toepassing is nie, erken ons dat taal 'n kernfaktor in toegang, deelname en

wederkerigheid in gemeenskapsbetrokkenheid is. Teen hierdie agtergrond is die US verbind tot taalpraktyke wat, sover dit redelikerwys vir die Universiteit uitvoerbaar is, kontekstueel gepas en inklusief is, en responsief tot die linguistiese repertoires van die gemeenskappe met wie ons omgaan.

#### **4. Doel van die Beleid**

Die US erken dat taal meer as 'n kommunikasie-middel is: Dit is 'n toegangspoort tot kennis, 'n meganisme vir epistemologiese toegang en 'n uitdrukking van identiteit. Daarom het die Beleid ten doel om 'n meertalige ingesteldheid te bevorder. Aangesien dit 'n beleidsdokument is, is die doel ook om taalgebruik in alle domeine van die Universiteit te reël, te bestuur en oorsigbestuur daarvoor uit te oefen.

Die Beleid verskaf 'n raamwerk en instaatstellende omgewing vir die volgende:

- om gelyke en epistemologiese toegang tot en deelname aan onderrig, leer, assessering, navorsing en sosiale impak te bevorder;
- om institusionele sowel as individuele meertaligheid te ondersteun;
- om te verseker dat taalpraktyke inklusief, akademies noukeurig en sosiaal verantwoordelik is;
- om die intellektuele, kulturele en sosiale rykheid van die land se tale te bewaar en te verryk;
- om die US se rol te versterk as instelling wat landwyd en wêreldwyd betrokke, divers en sosiaal responsief is; en
- om intensionele kurrikulumtransformasie te bevorder in 'n konteks van kritiese besinning oor kennisstelsels en epistemiese insluiting.

#### **5. Oogmerke van die Beleid**

Die US Taalbeleid het die volgende oogmerke:

- 5.1** Gee uitvoering aan artikel 29(2), 29(1)(b) en 9 van die Grondwet deur gelyke toegang tot hoër onderwys te verseker waar redelikerwys uitvoerbaar, en deur onbillike diskriminasie op grond van taal te verbied.
- 5.2** Implementeer die nasionale beleidsraamwerk oor taal aan openbare hoëronderwysinstellings ([Language Policy Framework for Public Higher Education Institutions, 2020](#)) ooreenkomstig artikel 3 en 27(2) van die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997 om konsekwente en inklusiewe taalpraktyke sektorwyd te ondersteun.
- 5.3** Werk mee aan die [US se Visie 2040](#) en [Strategieplan 2026-2030](#) en bevorder sodoende 'n inklusiewe, toeganklike en akademies uitnemende omgewing vir studente, personeel en vennote.
- 5.4** Fasiliteer akademiese en administratiewe funksies Universiteitswyd ooreenkomstig ons kern- strategiese temas: 'n florerende US, 'n transformerende studente-

ervaring, doelgerigte vennootskappe en inklusiewe netwerke, samewerkende onderrig en leer, navorsing met impak, en die US as voorkeurwerkgever.

- 5.5** Benut studente en personeellede se pluritalige repertoire en brei dit uit, oor onderrig, leer, assessering, navorsing, sosiale impak, administrasie en kokurrikulêre bedrywighede heen. Erken sodoende die diversiteit van tale en dialekte onder die US-gemeenskap.
- 5.6** Help 'n meertalige ingesteldheid aan wat die waarde erken van linguistiese diversiteit as hulpbron vir onderrig, leer, assessering, samewerking en kennisproduksie. Moedig sodoende oopgesteldheid aan vir verskillende maniere van dink, kommunikeer en wees. Op dié manier streef die Universiteit daarna om 'n inklusiewe, verwelkomende en sosiaal responsiewe institusionele kultuur te kweek.

## **6. Beleidsbeginsels**

Die normatiewe grondbeginsels van die Beleid stuur die vertolking en implementering daarvan wat alle domeine van die Universiteitslewe betref. Hierdie beginsels verseker dat taalgebruik aan die US gelykheid, toegang, insluiting en akademiese uitnemendheid ondersteun.

- 6.1** In aansluiting by die nasionale beleidsraamwerk oor taal aan openbare hoërondwysinstellings ([Language Policy Framework for Public Higher Education Institutions, 2020](#)) beskou die US individuele en samelewingsmeertaligheid as 'n hulpbron wat kognitiewe ontwikkeling, epistemiese toegang, inklusiwiteit, transformasie, maatskaplike samehorigheid en respek vir alle tale fasiliteer.
- 6.2** Taal aan die US moet toegang tot akademiese, administratiewe, professionele en sosiale kontekste verbreed en sukses in daardie kontekste aanhelp. Taal moenie vir studente of personeel 'n versperring daarstel nie. Dit sluit aan by die imperatiewe in die Grondwet om diskriminasie van die verlede reg te stel en om direkte of indirekte onbillike diskriminasie te voorkom.
- 6.3** Alle aspekte van die Beleid en die implementering daarvan moet deur verantwoordbare pedagogiese beginsels belig word en moet betekenisvolle en doeltreffende studenteleer-uitkomst ondersteun.

Ter uitbouing van die grondbeginsels hier bo verbind die US sigself ook tot die volgende:

- 6.4** Die US erken die tale en taalvariëteite wat studente en personeel gebruik, en neem hulle taalvoorkeure en taalvaardigheidsvlakke in ag.
- 6.5** Die US erken die komplekse rol van taal in die samelewing, en dat alle tale waardevolle hulpbronne vir die opbou van kennis en akademiese omgang is.
- 6.6** Die US wend die instelling se gekose tale só aan dat dit alle studente, personeel en belanghebbendes insluit, en gelyke toegang tot onderrig, leer, assessering en administratiewe prosesse bewerkstellig.

**6.7** Die US erken dat akademiese geletterdhede kompleks is en binne bepaalde dissiplines ontwikkel. Studente bou hierdie vaardighede op die grondslag van die tale, dialekte en variëteite wat hulle alreeds ken. Akademiese geletterdhede sluit visuele en digitale geletterdhede in, sowel as die vermoë om formele, dissiplinespesifieke taal te verstaan en te gebruik.

Die US ondersteun die gebruik van verskeie tale in onderrig, leer, assessering en navorsing, en bevestig dat alle tale – Afrikatale ingesluit – as tale van onderrig, leer, assessering en akademieskap funksioneer. Voortgaande US-wersaamhede op nasionale en institusionele vlak is daarop gerig om die gebruik van hierdie tale in akademiese kontekste te versterk en uit te brei – onder meer deur departementele en kurrikulêre inisiatiewe, terminologie-ontwikkeling en samewerkingsprojekte.

Studente word aangemoedig om te put uit hulle pluralige repertoire – die vermoë om meer as een taal en/of dialek aanvullend tot mekaar te gebruik – om doeltreffender met akademiese inhoud te kan omgaan.

**6.8** Die US stel taaldienste en personeelontwikkelingsprogramme in, en belê in navorsingsgestuurde ontwikkeling en gebruik van toepaslike tegnologieë, om die doeltreffende implementering van die Beleid te ondersteun (sien 7.7).

**6.9** Die Taalbeleid en die implementering daarvan word gerig deur wat in die betrokke konteks redelikerwys uitvoerbaar is. Redelike uitvoerbaarheid word onder meer bepaal volgens die grondbeginsels in 6.1.1 tot 6.1.3 hier bo, die getal studente wat by 'n sekere implementeringsmodus sal baat, studente se akademiese taalvaardigheid, die beskikbaarheid en taalvaardigheid van personeellede, ontwikkelings in navorsingsgestuurde taal- en vertaaltegnologieë, rooster- en lokaalbeperkings, en die US se beskikbare hulpbronne asook die mededingende aansprake daarop.

## **7. Beleidsbepalings**

Die bindende Beleidsbepalings wat volg, spruit voort uit die Beleidsbeginsels in paragraaf 6.

### **7.1 Leer en onderrig**

Die Universiteit Stellenbosch heg waarde aan meertaligheid en erken die intellektuele, kulturele en sosiale rykheid van alle Suid-Afrikaanse en buitelandse tale. Ons wend Afrikaans, Engels en Xhosa aan as institusionele tale – dié wat sentraal staan in onderrig, leer, assessering, onderrig en administrasie aan die US. Ter erkenning van die Grondwetlike imperatief om meertaligheid en gelyke toegang tot opvoeding te bevorder, funksioneer Afrikaans en Engels as die primêre onderrigmedia in ons klasse (na gelang van institusionele hulpbronne en kapasiteit), terwyl Xhosa toenemend ondersteun word waar prakties moontlik.

Aan die US vind leer ook in informele, kokurrikulêre en sosiale kontekste plaas – koshuise, studiegroepe, raadpleging van dosente, steunomgewings vir leer, en aanlyn platforms – waar studente en personeel uit hulle volle taalrepertoire kan put om begrip, omgang en samewerkende kennis-opbouing te versterk.

7.1.1 Die Beleid benut transtaligheid deur te voorsien vir die buigsame gebruik van leer- en onderrigtale in tutoriale, praktika, raadpleging, studiegroepe en steunomgewings vir leer asook op aanlyn leerplatforms. Transtaligheid in veelvuldige tale word aangemoedig om leeruitkomst en -deelname te ondersteun en te verryk.

Die US pas die beginsels van transtaligheid soos volg toe:

- Moedig studente en personeel aan om uit hulle volle pluritalige repertoire te put om begrip, omgang en betekenisvolle deelname aan akademiese bedrywighede te fasiliteer.
- Ondersteun die gebruik van verskeie tale as meganisme om te verduidelik, te bespreek en samewerkend probleme op te los, maar met behoud van die duidelikheid en integriteit van akademiese inhoud.
- Voorsien akademiese personeel van leiding en hulpbronne, waar redelikerwys uitvoerbaar, om meertalige praktyke doeltreffend met hulle onderrig, leer en assessering te integreer. Voorbeelde hiervan is taalsensitiewe leermateriaal, assesseringsontwerp, klaskamer-interaksie en oorwoë, navorsingsgestuurde aanwending van toepaslike tegnologieë om meertalige omgang en toegang te ondersteun.
- Erken dat Afrikatale as tale van onderrig, leer en assessering funksioneer. Die US ondersteun die gebruik en ontwikkeling van hierdie tale waar redelikerwys uitvoerbaar, onder meer deur departementele inisiatiewe, terminologie-ontwikkeling en navorsingsgestuurde projekte.

Hierdie bepalings is daarop ingestel om 'n inklusiewe, gelyke en intellektueel ryk leer-en-onderrigomgewing te bevorder waar alle studente toegang tot kennis kan verkry, daarmee kan omgaan en daartoe kan bydra terwyl hulle die akademiese geletterdhede ontwikkel wat vir sukses in hulle dissipline geverg word.

7.1.2 Voorgraadse modules word aangebied volgens enige van die reëlings soos in 7.1.3, 7.1.4 en 7.1.5 uiteengesit. Voorgraadse modules op vlak 8 van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) word in 7.1.8 bereël.

7.1.3 In voorgraadse modules waar dit redelikerwys uitvoerbaar en pedagogies verantwoordbaar is om **meer as een klasgroep** te hê:

7.1.3.1 Afsonderlike lesings word in Afrikaans en Engels aangebied.

7.1.3.2 Leergeleenthede waarby studente uit verskeie taalgroepe betrokke is (bv. groepwerk, opdragte, tutoriale en praktika) word benut om integrasie in modules en programme te bevorder.

7.1.3.3 Studente word in Afrikaans en Engels ondersteun deur middel van 'n kombinasie van gepaste gefasiliteerde leergeleenthede (bv. raadpleging tydens kantoorure of geskeduleerde tutoriale en praktika).

- 7.1.4 In voorgraadse modules waar sowel Afrikaans as Engels **in dieselfde klasgroep** gebruik word, word gefasiliteerde leergeleenthede soos volg gekombineer:
- 7.1.4.1 Alle inligting word by elke lesing minstens in Engels oorgedra, en inhoud word ook in Afrikaans opgesom of beklemtoon. Vrae word, waar redelikerwys uitvoerbaar, in Afrikaans of Engels beantwoord volgens die taal waarin die vraag gestel is.
  - 7.1.4.2 Studente word in Afrikaans en Engels ondersteun deur middel van 'n kombinasie van gepaste gefasiliteerde leergeleenthede (bv. raadpleging tydens kantoorure of geskeduleerde tutoriale en praktika).
  - 7.1.4.3 Vir eerstejaarmodules stel die US simultane tolking by lesings beskikbaar, hetsy op die perseel of aanlyn. In die tweede en daaropvolgende studiejare is simultane tolking – hetsy op die perseel of aanlyn – op versoek van 'n fakulteit beskikbaar, mits die studente se behoeftes die diens regverdig en die US die hulpbronne het om dit te verskaf. Indien twee weke verloop sonder dat enige studente die tolkdien in 'n module benut het, kan die diens gestaak word.
- 7.1.5 In die volgende omstandighede word voorgraadse lesings in **slegs een taal** aangebied:
- 7.1.5.1 In modules wat uitdruklik op 'n sekere taal fokus, kan onderrig volledig in daardie taal geskied. In uitsonderlike gevalle kan dit in ander dissiplines toegepas word – soos in gespesialiseerde gevorderde modules waarin net een taal werkbaar is om pedagogiese of professionele redes. Sulke gevalle moet beperk word en regverdigbaar wees. Hierdie reëling kom nie neer op 'n algemene vrystelling van die Beleid se verbintenis tot meertalige leer en onderrig nie.
  - 7.1.5.2 Die toegewese dosent is slegs in Afrikaans of slegs in Engels vaardig. In sulke modules word bykomende ondersteuning verskaf.
    - (a) Indien die lesings in Afrikaans is, is simultane tolking in Engels tydens elke lesing beskikbaar, hetsy op die perseel of aanlyn. As die lesings in Engels is, is simultane tolking in Afrikaans vir alle lesings in eerstejaarsmodules beskikbaar, hetsy op die perseel of aanlyn. In die tweede en daaropvolgende studiejare is simultane Afrikaanse tolking, hetsy op die perseel of aanlyn, beskikbaar op versoek van 'n fakulteit, mits die studente se behoeftes die diens regverdig en die US die hulpbronne het om dit te verskaf. Indien twee weke verloop sonder dat enige studente van die tolkdien in 'n module gebruik gemaak het, kan die diens gestaak word.
    - (b) Benewens lesings, en waar dit redelikerwys doenlik is, word gepaste gefasiliteerde leergeleenthede (bv. raadpleging tydens kantoorure of normale geskeduleerde tutoriale en praktika) in Afrikaans en Engels aangebied.

7.1.5.3 'n Module mag in slegs Afrikaans of slegs Engels aangebied word, maar alleenlik as alle studente in die klasgroep genooi is om deur middel van geheime stemming daaroor te besluit en die groep eenparig daartoe ingestem het; en mits die betrokke dosente en onderrigassistentie die nodige akademiese taalvaardigheid het én met die besluit akkoord gaan.

7.1.6 Bykomend tot lesings kan die US ook, na gelang van studente se behoeftes en wat redelikerwys uitvoerbaar is, 'n reeks leerstrategieë verskaf wat deur IKT (informasie- en kommunikasietegnologie) en KI (kunsmatige intelligensie) gesteun word. Voorbeelde hiervan is opvoedkundige klank- en/of beeldopnames, interaktiewe digitale platforms en aanpassende leernutsmiddels. Dit kan in Engels en/of Afrikaans verskaf word en, waar werkbaar, in Xhosa en/of SAGT.

Hierdie benaderings is bedoel om menslike onderrig aan te vul – nie te vervang nie – deur selfgestuurde leer, begripvaslegging en hersiening te ondersteun. Die Universiteit erken dat KI-gemedieerde vertaling en tolking nie deurgaans die nuanses van alle tale vasvang nie, veral nie van Afrikatale en SAGT nie. Daarom staan ons oorwoë, navorsingsgestuurde aanwending daarvan voor. Die US is verbind tot die voortgesette ontwikkeling, evaluering en verfyning van sulke tegnologieë om die akkuraatheid, toeganklikheid en pedagogiese waarde daarvan in meertalige leerkontekste te verbeter.

7.1.7 Leermateriaal vir voorgraadse modules word soos volg beskikbaar gestel:

7.1.7.1 Alle voorgeskrewe leesstof word in Engels voorsien, behalwe waar die module oor 'n ander taal per se handel.

7.1.7.2 Voorgeskrewe leesmateriaal (publikasies uitgesluit) word sover redelikerwys uitvoerbaar ook in Afrikaans verskaf.

7.1.7.3 US-moduleraamwerke en -studiegidse is in Afrikaans en Engels beskikbaar.

7.1.7.4 Waar dit redelikerwys uitvoerbaar is en daar 'n pedagogiese behoefte bestaan, word Xhosa en ander tale gebruik om begrippe vas te lê; byvoorbeeld deur middel van meertalige woordelyste met kernbegrippe en akademiese terme.

7.1.8 In nagraadse leer en onderrig (met die uitsondering van assesserings, wat in 7.1.9 bereël word) kan Engels of enige ander taal/tale gebruik word, mits die dosent(e) en al die studente akademies vaardig in daardie ander taal/tale is. Dit sluit voorgraadse modules op NKR-vlak 8 en nagraadse kwalifikasies op NKR-vlak 7 in.

7.1.9 Vraestelle en ander vorme van assessering in voorgraadse modules (voorgraadse modules op NKR-vlak 8 ingesluit) is in Afrikaans en Engels beskikbaar. Studente mag alle assesserings beantwoord en alle skriftelike werk óf in Afrikaans óf in Engels inlewer; óf in Xhosa, mits dit vooraf gereël is

en mits die dosent se Xhosavaardighede voldoende is om 'n assessering na te sien.

7.1.10 Alle vraestelle in nagraadse modules is minstens in Engels beskikbaar. Studente mag alle assesserings beantwoord en alle geskrewe werk óf in Engels inlewer óf – mits vooraf gereël is en mits die dosent en moderator/eksterne eksaminator se Afrikaans- of Xhosavaardighede voldoende is om 'n assessering na te sien – in Afrikaans of Xhosa.

7.1.11 **Studente met drukgestremdhede wat bystand met ontoeganklike studiemateriaal benodig, kan die Eenheid vir Gestremdhede se Hulpbronnkantoor kontak. Die hulpbronbeamptes help om sulke materiaal beskikbaar te stel in braille, vergrote karakters of elektroniese formate wat met steuntegnologie gelees kan word.**

7.1.12 Aangesien SAGT die primêre taal van sommige Dowe persone is, is 'n SAGT-tolk en/of intydse onderskrifte by lesings, tutoriale en die vernaamste openbare US-geleenthede beskikbaar waar dit vereis word en redelikerwys uitvoerbaar is.

7.1.13 Fakulteite kan in spesifieke gevalle gronde vir vrystelling van die bepalings in 7.1 aanvoer, mits sodanige vrystelling:

7.1.13.1 met die beginsels van die Beleid strook; en

7.1.13.2 geregverdig word deur die menslike en fisiese hulpbronne wat vir die Universiteit beskikbaar is, of deur pedagogiese of fakulteitspesifieke oorwegings; en

7.1.13.3 deur die betrokke fakulteitsraad goedgekeur is, vergesel van die begroning aan die Senaat voorgelê is en finaal goedgekeur word deur die Senaat (of, in dringende gevalle, die Uitvoerende Komitee van die Senaat).

## **7.2 Interne kommunikasie**

7.2.1 **Alle amptelike interne institusionele kommunikasie geskied in Afrikaans, Engels en Xhosa. Institusionele beleide word in Xhosa vertaal gelyklopend met die ontwikkeling van sodanige beleide in Afrikaans en Engels.**

7.2.2 Die voertaal/-tale by interne vergaderings moet daarop gerig wees om te verseker dat almal ingesluit word en kan deelneem.

7.2.3 Mondelinge of skriftelike navrae en versoeke deur studente en personeellede word, waar redelikerwys uitvoerbaar, in dieselfde taal gehanteer.

7.2.4 Afrikaans, Engels en Xhosa word oordeelkundig by amptelike geleenthede soos amptelike vergaderings, seremoniële geleenthede en intreerendes gebruik.

- 7.2.5 In studentegemeenskappe word taal gebruik op 'n manier wat verseker dat almal ingesluit word en kan deelneem.
- 7.2.6 Die volgende bepalinge geld vir gebruiker-koppelvlakke van inligtingstegnologie- (IT-)sagteware en mobiele applikasies (apps) asook bestuurstelsels vir webinhoud:
- 7.2.6.1 Waar meertalige funksionering redelikerwys uitvoerbaar is (bv. waar die US die ontwikkeling van 'n sagtewareapplikasie kan beïnvloed, of waar 'n applikasie dit ondersteun, of waar die US self 'n applikasie bou), ondersteun ons Afrikaans en Engels na gelang van gebruikers se taalvoorkeur.
- 7.2.6.2 Waar kommersiële sagtewareapplikasies nie meertalige funksionering ondersteun nie, is Engels die gekose verstektaal.
- 7.2.6.3 Waar gebruikers se taalvoorkeur onbekend is, is Engels die verstektaal.
- 7.2.7 Die volgende bepalinge geld vir data in inligtingstelsels of sagtewareapplikasies:
- 7.2.7.1 Waar redelikerwys uitvoerbaar behoort data wat op 'n individu betrekking het meertalig te wees.
- 7.2.7.2 Waar die dataontwerp vir meertaligheid voorsien en waar dit werkbaar is, behoort die verbandhoudende gebruiker-koppelvlakke meertalige datavaslegging te ondersteun.
- 7.2.7.3 Waar die dataontwerp vir slegs een taal voorsien, sal dit Engels wees.
- 7.2.7.4 Alle ander data is in Engels.

### **7.3 Eksterne kommunikasie**

- 7.3.1 Die US se tale vir eksterne kommunikasie is Afrikaans en Engels en, waar redelikerwys uitvoerbaar, Xhosa.
- 7.3.2 Die US respekteer die taalbeleide en -voorkeure van ons belanghebbendes, vennote en eksterne korrespondente. Daarom voorsien ons daarvoor sover dit redelikerwys uitvoerbaar is. Waar die SU nie oor die vermoë beskik om aan taalvoorkeure te voldoen nie, is Engels die kommunikasiemedium.
- 7.3.3 Vir belanghebbendes (bv. alumni, skenkers en ouers/voogde) word gebruiker-koppelvlakke van IT-stelsels of applikasies soos in 7.2.6 hanteer.

### **7.4 Taalimplementeringsplan**

- 7.4.1 Die Viserektor (VR): Akademies kom jaarliks met die fakulteitsdekane en **hoofde van skole** ooreen oor meganismes wat verantwoordbaarheid vir die implementering van die Beleid sal verseker. Hierdie meganismes moet minstens die volgende insluit: 'n jaarverslag oor prestasie ten opsigte van elke fakulteit en skool se taalimplementeringsplan (sien 8.1) en 'n voldoeningsverslag wat na elke semester ingedien word (sien 8.2), met

behoorlike inagneming van die Beleidsbeginsels soos uiteengesit in paragraaf 6 en in 7.4.2.1 tot 7.4.2.3.

Die VR: Akademies doen jaarliks, op die laaste by die laaste vergadering van die Raad en van die Senaat vir daardie jaar, via die Rektroraat en die Senaat aan die Raad verslag oor bogenoemde verantwoordbaarheidsmeganismes vir die volgende jaar.

7.4.2 Elke fakulteit beskryf hulle implementering van die Beleid in hulle eie taalimplementeringsplan, wat daarop gerig moet wees om te verseker dat alle modules toeganklik is en dat meertaligheid doelgerig bevorder word sodat:

7.4.2.1 die Engelse aanbod in stand gehou word om volle toeganklikheid tot die US te bewerkstellig vir akademies verdienstelike voornemende en huidige studente wat verkies om in Engels te studeer;

7.4.2.2 die Afrikaanse aanbod so bestuur word dat toegang tot die US volgehou word vir studente wat verkies om in Afrikaans te studeer, en dat Afrikaans waar redelikerwys uitvoerbaar verder as onderrigtaal ontwikkel word; en

7.4.2.3 Xhosa gebruik word waar en in die mate dat dit redelikerwys uitvoerbaar en pedagogies verantwoordbaar is.

Die US moedig fakulteite aan om hulle taalimplementeringsplan soos in 7.4.2 bedoel ooreenkomstig die volgende riglyne te ontwikkel:

- Verseker dat modules ontwerp en gelewer word om toegang vir studente oor die US se institusionele tale heen te maksimeer.
- Bevorder doelgerigte meertaligheid, wat transtaligheid en die gebruik van Afrikatale insluit waar dit pedagogies en prakties werkbaar is.
- Verskaf leiding oor personeelontwikkeling, leerhulpbronne en tegnologiese steun – ook IKT- en KI-gesteunde nutsmiddels – om meertalige onderrig, leer en assessering te versterk.
- Sluit meganismes vir monitering, evaluering en voortgesette verbetering in om te verseker dat taalpraktyke tot gelykheid, akademiese sukses en 'n inklusiewe leeromgewing bydra.

7.4.3 Elke fakulteit hersien minstens een maal per jaar hulle gebruik van taal vir onderrig, leer en assessering, en moet hulle taalreëlins in hulle taalimplementeringsplan opneem. Hierdie plan word aan die Senaat voorgelê, via die fakulteitsraad en die Akademiese beplanningskomitee (ABK) van die Senaat. Die Senaat kan 'n fakulteit se taalimplementeringsplan aanvaar of na die fakulteit terugverwys, met of sonder voorwaardes. Nadat dit aanvaar is, word die taalreëlins vir onderrig, leer en assessering in 'n bepaalde module in die betrokke moduleraamwerk bekendgemaak.

7.4.4 Wanneer noodsaak (bv. 'n sekere studentegroep se voorkeuronderrigtaal, pedagogiese oorwegings of die onbesikbaarheid van 'n dosent met die

nodige taalvaardigheid) dit verg, kan die tersaaklike departementele voorsitter en die dekaan 'n fakulteit se taalimplementeringsplan andersins as by wyse van die normale hersieningsproses wysig ná oorlegpleging met die fakulteit se studentekomitee vir akademiese aangeleenthede. Sodanige wysigings moet by die daaropvolgende fakulteitsraads- en Senaatsvergadering voorgelê word. Die studente in die betrokke modules moet van die veranderings asook die redes daarvoor ingelig word sodra dit prakties moontlik is; via leerbestuursplatforms asook ander kanale.

- 7.4.5 Elke verantwoordelikhedsentrum (VS) – professionele en administratiewe steundiensafdelings en studentegemeenskappe ingesluit – moet gereeld die gebruik van taal in hulle onderskeie omgewings hersien en hulle taalreëlins in hulle eie taalimplementeringsplan opneem. Hierdie planne word op VS-vlak saamgevoeg en via die ABK van die Senaat aan die Senaat voorgelê. Die Senaat kan 'n VS se taalimplementeringsplan aanvaar of na die VS terugverwys, hetsy met of sonder voorwaardes.

## **7.5 Bevordering van meertaligheid**

- 7.5.1 Die Taalsentrum, fakulteite, taaldepartemente, professionele en administratiewe steundiensafdelings, oorsigbestuurs- en bestuursliggame sowel as studente is medeverantwoordelik vir die bevordering van individuele en institusionele meertaligheid aan die US.
- 7.5.2 Die US bevorder en spoor innoverende meertaligheds- en transtalighedspraktyke aan deur middel van institusionele finansiering – byvoorbeeld, om onderrig, leer en assessering in meer as een taal by fakulteite uit te brei; taalnavorsing te onderneem; beste praktyk rakende meertaligheid en transtaligheid uit te ruil; infrastruktuur en professionele ontwikkeling te verskaf om IKT- en KI-verrykte leerstrategieë aan te wend; dissiplinespesifieke inisiatiewe vir akademiese geletterdhede te ondersteun; en samewerking tussen en oor instellings heen te bevorder, veral met die oog daarop om amptelike en ander tale in Suid-Afrika te ontwikkel en te versterk.
- 7.5.3 Die US ondersteun die ontwikkeling van vakkundige inhoud in Afrikaans en die voortgesette gebruik van Afrikaans as wetenskaplike taal Universiteitswyd. Die US bevorder die akademiese waarde van Afrikaans – byvoorbeeld, deur in en oor Afrikaans te onderrig en navorsing te onderneem; simposiums te hou en kortkursusse aan te bied; taaldosente te ondersteun en gasdosente in Afrikaans te ontvang; kursusse in Afrikaans-taalverwerwing aan te bied; akademiese en professionele geletterdhede in Afrikaans te ontwikkel; lees- en skryfontwikkeling in Afrikaans te ontwikkel; taaldienste te verskaf, soos vertaling in Afrikaans, en redigering van en dokumentontwerp vir Afrikaanse tekste; meertalige woordelyste te ontwikkel met Afrikaans een van die tale; toegang tot wetenskaplike tekste in Afrikaans te ondersteun; en Afrikaans te bevorder deur middel van akademiese publikasies (op tersaaklike navorsingsgebiede waar daar sinvol met die teikengroep omgegaan kan word) en populêr-wetenskaplike publikasies in die algemene media.

- 7.5.4 Xhosa ontvang besondere aandag as inheemse formele akademiese taal met die oogmerk om dit geleidelik in verskeie dissiplinêre domeine in te voer. Die US prioritiseer dit volgens studentebehoefte op 'n goed beplande, goed georganiseerde en stelselmatige wyse, waar redelikerwys uitvoerbaar en pedagogies verantwoordbaar. Met hierdie doel voor oë benut ons ten volle die akademiese rol en leierskap van die Departement Afrikatale by wyse van die Departement se uitgebreide ervaring wat betref onderrig sowel as navorsing op gevorderde vlak op die gebied van taal en linguistiek. In sekere programme word Xhosa reeds gebruik om doeltreffende onderrig, leer en assessering te fasiliteer, veral waar die gebruik van Xhosa vir loopbaandoeleindes belangrik kan wees. Die US is daartoe verbind om die gebruik van Xhosa uit te brei sover dit redelikerwys uitvoerbaar en pedagogies verantwoordbaar is – byvoorbeeld deur onderwysersopleiding; kortkursusse in basiese kommunikasievaardighede vir personele en studente; loopbaanspesifieke kommunikasie; dissiplinespesifieke terminologiegedise (gedruk en mobiele toepassings); en frasewoordeboeke.
- 7.5.5 Ooreenkomstig die nasionale beleidsraamwerk oor taal aan openbare hoërondewysinstellings ([Language Policy Framework for Public Higher Education Institutions, 2020](#)), asook op die Universiteit se eie inisiatief, sal institusionele omgewings soos die Departement Afrikatale en die Taalsentrum versterk word met die oogmerk om ons amptelike landstale buiten Afrikaans, Engels en Xhosa te ontwikkel tot leer-, onderrig-, akademiese en navorsingstale. Die US sal ook strategieë en geleenthede ondersoek en dokumenteer om saam te werk aan die intellektualisering van voorheen gemarginaliseerde inheemse tale in die hoër onderwys in Suid-Afrika, en aan die bestudering en ontwikkeling van die Khoi-, Nama- en Santale.
- 7.5.6 Die US sal steeds die bestudering van internasionale tale bevorder en die marginalisering van inheemse tale onder die loep plaas. Sover sulke programme en modules onder die Fakulteit Opvoedkunde en die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe sowel as die Taalsentrum ressorteer, sal die US waar redelikerwys uitvoerbaar bystand verleen met die opleiding van genoeg taalonderwysers, tolke, vertalers en ander taalpraktisyns om in die behoeftes van die meertalige Suid-Afrikaanse samelewing te voorsien.

## **7.6 Ondersteuning deur die Taalsentrum**

Die Taalsentrum lewer taalondersteuningsdienste vir die doeltreffende implementering van die Taalbeleid in samewerking met die fakulteite, professionele en administratiewe steundiensafdelings en bestuursliggame. Voorbeelde van hierdie dienste is steun vir lees- en skryfontwikkeling; taaldienste soos vertaling, tolking en redigering; modules in professionele kommunikasie, in akademiese geletterdhede en in taalverwerwing in Afrikaans, Engels, Xhosa en SAGT; en navorsing oor taal en taalgebruik. Die fakulteite, professionele en administratiewe steundiensafdelings en oorsigbestuurs- en bestuursliggame kan, na oorlegpleging met die Taalsentrum, ook hulle eie bykomende taalondersteuning verskaf.

## 7.7 Tegnologieverrykte taalondersteuning

Die implementering van hierdie weergawe van die US Taalbeleid word ondersteun deur toepaslike IKT en ontwikkelende digitale tegnologieë, KI-gesteunde nutsmiddels ingesluit, wat meertalige onderrig, leer en assessering en administratiewe prosesse kan aanhelp. Sulke terminologieë kan onder meer vertaling, transkripsie, die verskaffing van onderskrifte, terminologie-ontwikkeling en toegang tot leermateriaal oor verskillende tale heen ondersteun.

Hierdie nutsmiddels is bedoel om menslike kundigheid aan te vul eerder as te vervang. Die Universiteit erken dat die doeltreffendheid, akkuraatheid en etiese implikasies van KI-gemedieerde taalondersteuning tussen tale en kontekste kan wissel en van voortgesette ontwikkeling afhang. Ons moet in die besonder daarteen waak dat sulke tegnologieë nie linguistiese ongelykhede reproduseer of die gehalte en nuanse van akademiese kommunikasie aantast nie.

Daarom is die US verbind tot die verantwoordelike, navorsingsgestuurde en pedagogies verantwoordbare integrasie van tegnologie om meertaligheid te ondersteun. Dit sluit in dat KI-stelsels voortdurend geëvalueer word wat Afrikatale betref, en dat sulke stelsels by die US se doelwitte van gelykheid en toegang moet aansluit.

## 8. Terugvoer, monitering en geskilbeslegting

- 8.1 Elke fakulteit en VS, sowel as die Studenteraad (SR), dien een keer per jaar 'n verslag by die Rektroraat in, teen 'n datum wat die VR: Akademies bepaal, wat die volgende uiteensit:
  - 8.1.1 enige probleme wat hulle met die implementering van die Taalbeleid teëgekome het;
  - 8.1.2 enige meganismes, strategieë of tegnieke wat die implementering van die Beleid verbeter het of wat die Beleidsdoelwitte doeltreffender kan bevorder; en
  - 8.1.3 enige voorstelle vir wysigings aan die Beleid.
- 8.2 Elke fakulteit doen na elke semester skriftelik aan die VR: Akademies verslag oor voldoening aan hulle taalimplementeringsplan gedurende daardie semester. Die verslag moet elke voorval van nievoldoening – en die redes daarvoor – volledig beskryf, asook die maatreëls wat die fakulteit getref het of sal tref om toekomstige afwykings te verhoed.
- 8.3 Die VR: Akademies kan na eie goëddunke 'n Advieskomitee vir Taalbeplanning en -bestuur (TBB) aanstel om die funksies te verrig wat daaraan toegewys word. Hierdie funksies kan bystand insluit met die verwerking van taalimplementeringsplanne en -verslae om goëie praktyke en kwessies vir verdere beraadslaging uit te wys, en om aanbevelings te maak hoe fakulteite en/of professionele en administratiewe steundiensafdelings kan verbeter. Die VR kan dit

oorweeg om hierdie aanbevelings by die Afdeling Leer en Onderrig se jaarverslag aan die Raad in te sluit.

- 8.4 Die **VR: Akademies** moet 'n jaarverslag oor aangeleenthede rakende die Beleid aan die Raad voorlê via die Rektooraat, die Senaat en die Taalkomitee van die Raad. Vir die doel van hierdie jaarverslag neem die VR die verslae bedoel in 8.1 en 8.2 in ag, sowel as die terugvoer vanaf die Advieskomitee vir TBB soos bedoel in 8.3. Die oogmerke van die VR se verslag is onder meer om punte van kommer te hanteer en kennis binne die Universiteit uit te ruil.
- 8.5 **Studente** kan kommer oor die implementering van die Taalbeleid lug of klagtes daarvoor lê deur middel van die prosedures wat hier volg.
- 8.5.1 Wat implementering deur fakulteite betref, word klagtes volgens die betrokke fakulteit se appèl-/klagteprosedure gelê. Waar so 'n prosedure nie bestaan nie, word klagtes by een van die volgende persone gelê (in hierdie voorkeurorde): die betrokke personeellid, die tersaaklike departementele voorsitter of hoof, of die dekaan. As 'n klagte met akademiese aangeleenthede verband hou en nie bevredigend op fakulteitsvlak opgelos word nie, kan die student dit via die studente-akademiesebelangeraad (ABR) na die ABK verwys. As die ABK nie die klagte kan oplos nie, verwys die ABK die aangeleentheid na die Senaat, vergesel van 'n aanbeveling.
- 8.5.2 Wat implementering deur professionele en administratiewe steundiensafdelings betref, word klagtes by die betrokke lynbestuurder gelê. As 'n klagte oor die breër Universiteit handel, word dit via die uitvoerende komitee van die SR by die Rektooraat gelê.
- 8.5.3 Wat implementering in studentegemeenskappe betref, word klagtes by die huiskomitee of die tersaaklike inwonende hoof gelê. As 'n klagte nie op koshuis- of Privaatstudenteorganisasie- (PSO-)vlak bevredigend opgelos word nie, kan die student dit na die Direkteur: Sentrum vir Studentelewe en -leer (SSLL) verwys of, indien nodig, verder voer na die Studentedekaan.
- 8.5.4 Waar die gebruik van bogenoemde strukture nie gepas is nie, kan klagtes ingedien word by die US Ombud, wat die saak in oorleg met die betrokke strukture besleg.
- 8.6 **Personeel** kan deur middel van die onderstaande prosedures kommer oor die implementering van die Taalbeleid lug of klagtes daarvoor lê.
- 8.6.1 Wat implementering deur fakulteite betref, word klagtes aanhangig gemaak by (in hierdie voorkeurorde) die tersaaklike departementele voorsitter, of die dekaan of die hoof van die skool (as dit 'n skool aan die US betref).
- 8.6.2 Wat implementering deur professionele en administratiewe steundienste betref, word klagtes by die betrokke lynbestuurder gelê. As die klagte oor die breër Universiteit handel, word dit via die VR: Akademies by die Rektooraat gelê.

8.6.3 Waar die gebruik van bogenoemde strukture nie gepas is nie, kan klagtes gelê word by die US Ombud, wat die saak in oorleg met die betrokke strukture besleg.

## 9. Beleidsoorsigbestuur

### Rolle

- 9.1 Die **eienaar** van die Beleid is die VR: Akademies, wat verantwoordelik is vir die funksies wat ingevolge die bepalings elders in die Beleid aan die VR opgedra word, sowel as die onderstaande funksies:
- 9.1.1 Verskaf leiding met die vertolking en implementering van die Beleid,.
  - 9.1.2 Inisieer die hersiening van die Beleid en hou oor die proses toesig.
  - 9.1.3 Stel uit die Afdeling Leer- en Onderrigverryking 'n kurator vir die Beleid aan en hou toesig oor die kurator se funksionering
  - 9.1.4 Stel die Beleid bekend en kommunikeer dit, en monitor die doeltreffende implementering daarvan.
  - 9.1.5 Hou toesig oor die funksionering van die Advieskomitee vir TBB, indien sodanige komitee aangestel is.
- 9.2 Die **kurator** van die Beleid (soos in 9.1.1.3 bedoel) het die volgende verantwoordelikhede:
- 9.2.1 Tree as voorsitter en bestuurder van die Advieskomitee vir TBB op, indien sodanige komitee aangestel is.
  - 9.2.2 Koördineer die Universiteit se taalbeplannings- en taalbestuursprosesse, hou daarvoor toesig en monitor dit.
  - 9.2.3 Skep bewustheid van die Taalbeleid.
  - 9.2.4 Roep een of meer taakspanne byeen om die Beleid te hersien wanneer 'n hersieningsproses onderneem word.
- 9.3 Die Taalkomitee van die Raad moet die Raad daarin bystaan om die algemene oorsigbestuursrol rakende taalkwessies aan die Universiteit te verrig – wat die implementering van die Beleid insluit – en om enige voorgestelde wysigings of vervanging van die Beleid te oorweeg.
- 9.4 Die Raad het 'n algemene toesighoudende verantwoordelikheid wat taalkwessies aan die Universiteit betref, wat die implementering van die Beleid insluit. Die Raad keur ook die Taalbeleid goed met die instemming van die Senaat en na oorlegpleging met die Institusionele Forum.
- 9.5 Die Senaat het 'n akademiese toesighoudende verantwoordelikheid, en die Senaat se instemming word vereis voordat die Raad die Taalbeleid kan goedkeur.

## 10. Hersiening en aanpassing

10.1 Taalbeleidmaking en -implementering is dinamiese prosesse.

10.2 In hierdie verband verrig die VR: Akademies die volgende pligte:

10.2.1 Fasiliteer die toetsing van die Taalbeleid aan die hand van veranderende omstandighede deur middel van navorsing oor die implementering, monitering en impak van die Beleid.

10.2.2 Fasiliteer gereelde oorlegpleging met die breër US-gemeenskap oor sake rakende die Taalbeleid.

10.2.3 Maak inligting bekend wat bekom is uit navorsing en oorlegpleging soos in 10.2.1 en 10.2.2 bedoel.

10.2.4 Inisieer na eie goeiddunke 'n hersiening van die Taalbeleid en hou toesig oor die proses met die oog op die moontlike wysiging of vervanging van die Beleid.

10.3 Die Taalbeleid moet in die sesde jaar na inwerkingtreding hersien word. Indien die eienaar van die Beleid dit nodig ag, kan dit vroeër of meer as een keer in dié sesjaarsiklus hersien word.

## 11. Openbaarmaking

Die Taalbeleid is 'n openbare dokument en word op die Universiteit se webblad gepubliseer.

## 12. Verbandhoudende en stawende dokumente

Nr.	Dokumentnaam	Status
1.	Dokument vir 'n Konseptuele Raamwerk vir Akademiese Geletterdhede aan die Universiteit Stellenbosch, 2020	Institusionele raamwerk, op 17 September 2020 deur die Komitee vir Leer en Onderrig aanvaar
2.	Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996	Soos op 8 Mei 1996 deur die Grondwetlike Vergadering aanvaar en op 11 Oktober 1996 gewysig
3.	Beleid oor Gestremdheidstoegang, 2018	Institusionele beleid, op 26 Maart 2018 deur die US Raad goedgekeur
4.	Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, soos gewysig	Aanvanklik op 19 Desember 1997 in <i>Staatskoerant</i> 18515 gepubliseer
5.	Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderwysinstellings (2020)	Op 30 Oktober 2020 in <i>Staatskoerant</i> 43860 gepubliseer

6.	Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie 4 van 2000	Op 09 Februarie 2000 in <i>Staatskoerant</i> 20876 gepubliseer
7.	Wet op Gebruik van Amptelike Tale 12 van 2012	Op 02 Oktober 2012 in <i>Staatskoerant</i> 35742 gepubliseer
8.	US Reglement: Taalkomitee van die Raad (2016)	Op 26 September 2016 deur die Raad goedgekeur
9.	Mandaat van die US Komitee vir Taalbeplanning en -bestuur (TBB)	Word opgestel indien sodanige komitee aangestel word
10.	<p>Beleid oor Visuele Regstelling</p> <p>Transformasiebeleid</p> <p>Beleid oor Sosiale Impak</p> <p>Beleid oor Onderrig en Leer (2025)</p> <p>Assesseringsbeleid</p> <p>Beleid oor Gelyke Indiensneming</p> <p>Toelatingsbeleid .</p> <p>Profiel van 'n Universiteit Stellenbosch-gegradueerde: 20 September 2023</p>	

## Bylae A: Woordelys (terme en afkortings)

Hierdie woordelys is 'n bylae by die Taalbeleid en kan, met die goedkeuring van die Akademiese beplanningskomitee (ABK), bygewerk word met die mees toepaslike taalverwante terminologie en afkortings wat aan die Universiteit Stellenbosch in gebruik is.

*Nota: Vetgedrukte teks in die regterkolom verwys na 'n ander inskrywing op hierdie lys.*

Term/afkorting	Volvorm/oms krywing
<b>Akademiesebelange-raad (ABR)</b>	'n Studenteleierskapstruktuur wat uit die verkose klasverteenvoerders van elke fakulteit bestaan.
<b>akademiese geletterdhede</b>	Die diskoersvaardighede wat vereis word vir sukses in die hoër onderwys in teks-, digitale, visuele, gebare-, syfer-en ander kommunikasiemodusse wat eie aan sekere dissiplines kan wees of oor verskillende dissiplines heen kan voorkom. Iemand wat in die akademiese geletterdhede van 'n dissipline vaardig is, beskik oor <b>akademiese taalvaardigheid</b> in daardie dissipline.
<b>Akademiese beplanning skomitee (ABK)</b>	'n Staande subkomitee van die Senaat;
<b>akademiese taalvaardigheid</b>	Kyk by "akademiese geletterdhede".
<b>epistemiese/epistemologiese toegang</b>	Die resultaat van 'n suksesvolle proses van kennisverwerwing, -skepping en -verspreiding deur middel van instaatstellende leer- en onderrigpedagogieë.
<b>IKT</b>	Die akroniem vir "informasie- en kommunikasietegnologie".
<b>inheemse tale</b>	Volgens die omskrywing in die nasionale beleidsraamwerk oor taal aan openbare hoëronderriginstellings ( <a href="#">Language Policy Framework for Public Higher Education Institutions, 2020</a> ), "tale tale waarvan die erfenis in Afrika gewortel is (in die literatuur en sommige beleidsdokumente ook 'Afrikatale' genoem) en wat tot die Suid-Bantoe-taalfamilie behoort, waar 'Bantoe' uitsluitlik as taalkundige term gebruik word" (eie vertaling)." <sup>1</sup>
<b>tolking</b>	'n Aktiwiteit met die oogmerk om die betekenis van spraak of gebare akkuraat uit een taal in 'n ander oor te dra in die konteks van 'n bepaalde situasie of instelling. In onderrigkonteks word spraak en/of gebare gewoonlik in simultane modus getolk (intyds/direk, met uitsette

<sup>1</sup> Die US ondersteun die siening dat Afrikaans en die Khoi-, Nama- en Santale inheemse tale is.

	<p>gemoniteer en minimum sloertyd tussen oorspronklike en getolkte boodskappe) en met gebruik van dissiplinespesifieke terminologie. 'Simultaan' beteken dat die tolking op die perseel plaasvind, met die tolke aanwesig in die klaskamer. In die konteks van aanlyn leer en onderrig kan dit egter ook aanlyn geskied – waar die tolke en/of heelparty of alle deelnemers aan die getolkte lesing nie op die perseel is nie. Die doel van opvoedkundige tolking is om akademiese toegang en sukses in 'n pedagogies verantwoordbare, meertalige leeromgewing te fasiliteer.</p>
<b>IT</b>	Die akroniem vir "informasietegnologie".
<b>Advieskomitee oor TBB</b>	Die akroniem vir "Advieskomitee oor Taalbeplanning en -bestuur".
<b>meertaligheid</b>	<p>Die gebruik van meer as een taal vir verskeie doeleindes, op verskillende vaardigheidsvlakke.</p> <p>"Individuele meertaligheid" (ook: "<b>pluritaligheid</b>") verwys na 'n persoon se taalgebruikrepertoire (bv. Sotho vir basiese gesprekke in diensleweringssituasies, Engels vir akademiese studies en Xhosa vir kommunikasie in gesinsverband).</p> <p>In die literatuur oor meertaligheid verwys "samelewingsmeertaligheid" na formele taalreëlings (of -beleide) in gemeenskappe waar sprekers van verskillende tale saambestaan. Samelewingsmeertaligheid impliseer nie noodwendig individuele meertaligheid nie.</p> <p>"Institusionele meertaligheid" is 'n tipe samelewingsmeertaligheid – soos dit in die aktiwiteite en beleide van 'n organisasie weerspieël word – en impliseer nie noodwendig individuele meertaligheid nie.</p> <p>Meertaligheid beskryf ook 'n ingesteldheid wat waardering vir diversiteit insluit.</p>
<b>NKR</b>	Die akroniem vir "Nasionale Kwalifikasieraamwerk".
<b>amptelike interne institusionele kommunikasie</b>	Alle kommunikasie vanaf die Kanselier, die Raad, die Senaat, die Rektor, 'n viserektor, die Uitvoerende Bedryfshoof of die Registrateur wat aan die hele Universiteit gerig is.
<b>pedagogiese behoefte</b>	Leerkontekste en -geleenthede wat <b>epistemologiese toegang</b> (tot kennis) moontlik maak, diverse leervoorkeure fasiliteer, aktiewe omgang bevorder, die middele voorsien om begrip en insig te verkry, en die konstruksie van ferm identiteite (as kennisdraers) aanhelp.

<b>pedagogies verantwoordbaar</b>	Om leer te fasiliteer deur responsief tot studente se pedagogiese behoefte te wees deur "outentieke beginsels op leerontwerp vir hoër onderwys toe te pas". Hierdie beginsels sluit "tersaaklikheid vir die werklike wêreld", "veelvuldige perspektiewe", "samerwerkende kenniskonstruksie" en "outentieke assessering" in (Herrington & Herrington, 2006: 1-14 <sup>2</sup> ).
<b>pluritaligheid</b>	<b>Individuele meertaligheid – die vermoë om verskeie tale en dialekte aanvullend tot mekaar te gebruik.</b>
<b>nagraadse kwalifikasies</b>	Geakkrediteerde programme wat op die NKR geregistreer is en waarvoor die minimum toelatingsvereistes 'n toepaslike diploma op NKR-vlak 6 of 'n baccaulareusgraad op NKR-vlak 7 of hoër is, soos deur die Subraamwerk vir Hoëronderwyskwalifikasies voorgeskryf. "Nagraadse kwalifikasies" sluit gevorderde diplomas, honneurs-baccalaureusgrade, nagraadse diplomas, magistergrade en doktorsgrade in.
<b>PSO</b>	Die akroniem vir "Pendelstudenteorganisasie".
<b>verantwoordelikheid-sentrum (VS)</b>	'n Struktuur in die verslagdoeningslyn wat aan 'n Rektoraatslid verslag doen.
<b>amptelike tale van Suid-Afrika</b>	Volgens die omskrywing in die nasionale beleidsraamwerk oor taal aan openbare hoëronderwysinstellings (Language Policy Framework for Public Higher Education Institutions, 2020), "die elf amptelike tale van Suid-Afrika soos in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 gespesifiseer (nl. Sepedi, Suid-Sotho, Tswana, Swati, Venda, Tsonga, Afrikaans, Engels, Ndebele, Xhosa en Zulu)" [eie vertaling]. Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) is in 2023 tot die lys amptelike landstale toegevoeg, wat die totaal op twaalf te staan bring.
<b>studentegemeenskappe</b>	Luister-, leef- en leeromgewings waartoe alle studente behoort, vernaamlik dié in US-koshuise, PSO-gemeenskappe en residensiële onderwys-(ResEd-)klusters (lg. dien as bykomende studentegemeenskap waartoe elke student behoort). Lidmaatskap bied studente geleentheid om aan komiteestrukture, verenigings en sportklubs deel te neem en vir kokurrikulêre ervaringsleeraktiwiteite in te skryf.
<b>US</b>	Die akroniem vir "Universiteit Stellenbosch".

<sup>2</sup> Herrington, A & Herrington, J. 2006. What is an authentic learning environment? In T Herrington & J Herrington (eds.). *Authentic learning environments in higher education*, pp. 1-14. IGI Global Scientific Publishing. <https://doi.org/10.4018/978-1-59140-594-8.ch001>

<b>onderrig, leer en assessering</b>	Verskillende fasette van 'n geïntegreerde proses waarin doserende akademici en studente gelyktydig betrokke is by 'n gesamentlike aktiwiteit wat "interaktiewe omgang tussen intellekte in werklike kontekste verg" (Ashwin, 2012: 2-3 <sup>3</sup> ; Dann, 2014: 151 <sup>4</sup> ).
<b>transtaligheid</b>	'n Versamelterm vir 'n konteks waarin meertalige persone die linguistiese hulpbronne tot hulle beskikking gebruik om met mekaar en met tekste om te gaan om betekenis te skep. In klaskamerverband is die doel om leer te verdiep deur middel van verskeie strategieë – onder meer kodewisseling, vertaalpraktyke, dubbeltaligheid (Eng. <i>co-language</i> ) en tolking – sonder dat enigsins probeer word om kommunikasie of omgang met tekste tot een taal of taalvariëteit te beperk.
<b>vertaling</b>	'n Aktiwiteit met die oogmerk om skriftelike betekenis uit een taal in 'n ander oor te dra in die konteks van 'n bepaalde situasie of instelling. Die doel van professionele vertaling is om te verseker dat albei tekste dieselfde boodskap oordra, met inagneming van die teksfunksie, die taalreëls, skryfkonvensies en idiomatiese gebruik van albei tale, en die tersaaklike terminologie. Die skriftelike aard van professionele vertalings verg dat hulle goed afgeronde produkte moet wees. Daar word onderskei tussen vertaling – die oordrag van idees wat skriftelik uitgedruk is uit een taal in 'n ander – en tolking. Laasgenoemde behels die oordrag van idees wat mondelings of deur gebare (soos met SAGT) gekommunikeer word.

<sup>3</sup> Ashwin, P. 2012. *Analysing teaching-learning interactions in higher education: Accounting for structure and agency*. Londen: Continuum.

<sup>4</sup> Dann, R. 2014. Assessment as learning: Blurring the boundaries of assessment and learning for theory, policy and practice, *Assessment in education: Principles, policy & practice*, 21(2): 149-166. <https://doi.org/10.1080/0969594X.2014.898128>.